# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

## OCTOBER / NOVEMBER
### *OKTOBER / NOVEMBER*

## 2004

## AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL

**(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk en Letterkunde)**

HG **101-1/3**

**17 bladsye**

AFRIKAANS EERSTE TAAL HG: Vraestel 3

101 1 3 HG

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk en Letterkunde)**

**TYD: 2½ uur**

**PUNTE: 120**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS.
- Beantwoord: EEN vraag uit Afdeling A
  DRIE vrae uit Afdeling B
  EEN vraag uit Afdeling C

---

## AFDELING A
### KREATIEWE SKRYFWERK

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord slegs EEN opdrag van 40 punte uit Afdeling A.
- Skryf die nommer van vraag wat u kies, neer.
- Hou by die vereiste lengte.
- Besin en beplan deeglik en benut die volle tydsduur van die vraestel.
- Die lengte van die skryfstuk moet ongeveer **450 – 550** woorde wees.

U het gedurende die afgelope paar jaar in Afrikaansonderrig met skryfwerk oor 'n wye terrein kennis gemaak. Skryfwerk impliseer nie net skriftelike kommunikasie en die hantering van verskillende skryfstukke nie, maar ook taalvaardigheid en taalgebruik.

Hou by u skryfstuk die volgende belangrike skryfbeginsels in gedagte:

- Die DOEL wat u met die skryfstuk wil bereik
- Die TEIKENGROEP op wie die skryfstuk betrekking het
- Die VORM wat die skryfstuk behoort aan te neem
- Die TAAL en STYL wat by die skryfstuk pas

### VRAAG 1

1.1 Diogenes, 'n Griekse filosoof, het gesê:

**Ons het twee ore en net een tong sodat ons meer kan luister en minder kan praat.**

**Bespiegel** hieroor. (40)

**OF**

1.2

Dit het ten doel om die tonne plastieksakke te verminder wat tans op stortingsterreine of as rommel in die omgewing beland.

**NUWE REGULASIES OOR PLASTIEKSAKKE**

"Plastiek is besig om Suid-Afrika se nasionale blom te word. Die nuwe wetgewing kom net betyds."

Kaapstad. – Die dae van die dun plastieksak is getel en dit is amptelik.

Verbruikers sal van 9 Mei moet opdok vir elke plastiek-inkopiesak op grond van regulasies wat verlede jaar afgekondig is.

# Verbruikers wil hê staat, winkels moet vir dié sakke betaal

## Nuwe inkopiesakke van Vrydag vereis

Dit is reeds meer as 18 maande sedert die nuwe regulasies oor plastieksakke van krag geword het. Mense het aanvanklik verskillend hieroor gereageer: sommige het dit verwelkom, terwyl ander dit as belaglik afgemaak het. Hoe voel jy hieroor? Lug jou mening in 'n **beredenerende** skryfstuk. (40)

**OF**


1.3




Aan die einde van hierdie eksamen betree jy 'n splinternuwe fase in jou lewe. Jy het sekerlik allerlei voornemens. **Vertel** hiervan. (40)

**OF**

1.4




Klas- of familiefoto's het altyd die manier om 'n mens te laat glimlag as 'n mens na 'n tydjie weer daarna kyk en dit koppel aan sekere herinneringe. Blaai vir 'n oomblik in jou gedagtes deur jou foto-albums en **beskryf** sekere karikature (eienaardige karakters) in jou familie of jou klas. (40)

**OF**

1.5 **Vertel** 'n storie waarin die volgende sin voorkom:

**As ek nie in daardie taxi geklim het nie...**

Die sin kan op enige plek in jou storie voorkom. Jou storie moet 'n titel hê. (40)

**OF**

1.6 Bestudeer die onderstaande strokiesprent en skryf 'n **toespraak** getiteld:


**Ek leef in 'n wonderlike eeu!** (40)





**OF**

1.7 Waaraan dink jy as jy na die volgende prente / illustrasies kyk. Skryf 'n skryfstukoor EEN van die prente en voorsien jou skryfstuk van 'n treffende titel. Skryf die nommer van die illustrasie wat jy kies boaan die skryfstuk. (Jou skryfstuk kan van enige aard, styl of trant wees. Dit kan byvoorbeeld verhalend, nugter-beredenerend, bespiegelend of beskrywend wees). (40)

1.7.1




1.7.2



**OF**

1.7.3



**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

**b.o.**

## AFDELING B
## FUNKSIONELE SKRYFWERK

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord Vraag 2 en Vraag 3.

Hou by elke opdrag die volgende belangrike skryfbeginsels in gedagte:

- Die DOEL wat jy met die skryfstuk wil bereik
- Die TEIKENGROEP op wie die skryfstuk betrekking het
- Die VORM wat die skryfstuk behoort aan te neem
- Die TAAL en STYL wat by die skryfstuk pas

### VRAAG 2

2.1

- Kies TWEE van die volgende opdragte om oor te skryf.
- Die lengte van die skryfstukke moet 180 – 200 woorde wees.

**Tyd van dampie slaan by skole amptelik iets van verlede – Asmal**

Barnie Louw

Kaapstad. – Rook op Suid-Afrikaanse skoolterreine is amptelik verbode.

"Skole is gebiede wat vry moet wees van alle dwelms, insluitend nikotien," het mnr. Kader Asmal, Nasionale Minister van Onderwys, gister aangekondig ná 'n vergadering met die nege provinsiale LUR's vir onderwys.

"Dit geld leerlinge, onderwysers en besoekers."

Die strawwe vir oortreders van dié beleid sal deur skole en skoolbeheerliggame bepaal word in samehang met skole se gedragskodes. Skole wat dit kan bekostig, kan rookkamers vir onderwysers inrig. Volgens Asmal – wat glo onlangs weer opgehou rook het – is die besluit om rook te verbied, vervat in die onderwysdepartement se beleid op dwelmmisbruik wat verlede jaar in die *Staatskoerant* gepubliseer is.

Die provinsies en skole sal nou aangemoedig word om planne vir die beleid te ontwikkel wat die behoorlike inwerkingstelling daarvan sal verseker.

In 'n onlangse studie deur die Mediese Navorsingsraad is bevind dat 23% van leerlinge in gr. 8 tot 10 en 20% van kinders jonger as tien rook.

Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) is tabak jaarliks verantwoordelik vir meer as 4 miljoen sterftes.

Wat is jou mening met betrekking tot rook op skoolterreine en die inrig van rookkamers? Skryf 'n brief aan die **pers** waarin jy reageer op die berig wat in die koerant verskyn het. Rig jou skrywe aan:

Die Redakteur
Beeld
Posbus 333
Aukland Park
2006

(20)

2.2 Skryf 'n **koerantberig** met die volgende opskrif:

**Dis oorlog!** (20)

2.3



**moenie jou ore toedruk, jou oë sluit of net stilbly nie**

**As jy glo dat 'n advertensie misleidend of ongewens is, moet jy dit nie ongesiens laat verbygaan nie. Skryf aan Die Gesagsliggaam vir Reklamestandaarde (ASA). Ons is 'n onafhanklike liggaam wat deur die Suid-Afrikaanse reklamebedryf daargestel is om jou waardes te help beskerm.**

**Laat weet ons:**
**Wat is die naam van die produk of diens wat geadverteer word.**
**Waar en wanneer jy die advertensie gesien of gehoor het - en, waar toepaslik, heg 'n afskrif van die advertensie aan.**
**Wat jy ongewens of misleidend omtrent die advertensie vind**
**Wat jou naam en kontakbesonderhede is**

**Ons sal jou klagte ondersoek en indien ons vind dat die advertensie die Kode vir Reklamepraktyk verbreek, sal ons die saak verder voer.**

**Ons posadres is. Die Gesagsliggaam vir Reklamestandaarde,**
**Posbus 41555, Craighall 2024. Faks: 011 781 1616**
**e-pos: asasa01@iafrica.com**

ASA

**Befonds deur die Bemarkingsbedryftrust**
**Lid van die European Advertising Standards Alliance, Brussels**

***Die Gesagsliggaam vir Reklamestandaarde van Suid-Afrika***
**ons beskerm *jou* standaarde**

***Integrated Communications/Beeld 01***

Jy is ontevrede met 'n advertensie wat op TV verskyn of wat jy oor die radio gehoor het. Jy is van mening dat dit 'n misleidende / ongewenste advertensie is en jy voel dat dit geregverdig is om te kla. Skryf 'n **formele** brief en rig dit aan die adres hierbo. (20)

**OF**

2.4




Skryf 'n **penskets** oor 'n besondere vriend / vriendin. (20)

**OF**

2.5 Die onderstaande advertensie het in ***Rapport*** verskyn. Doen **aansoek** om die betrekking. Lees die advertensie sorgvuldig deur en vergewis jou van die vereistes wat aan die suksesvolle kandidaat gestel word. Jou aansoek moet, soos versoek, per e-pos gestuur word. (20)

# RAPPORT VERSLAGGEWER

**- PRETORIA -**

**RAPPORT het 'n vakature vir 'n VERSLAGGEWER in PRETORIA.**

**Pligte:**

- Insameling van nuus en skryf van akkurate, gebalanseerde nuusberigte en artikels
- Inisieer en identifiseer oorspronklike nuustemas en onderwerpe
- Opbou en instandhouding van netwerk van kontakte

**Vereistes:**


- Drie tot vyf jaar toepaslike joernalistieke ervaring
- Graad of diploma
- Sterk nuussin en lewendige belangstelling in nuus en aktuele sake
- Vermoë om onder druk te werk
- Goeie menseverhoudinge
- Vermoë om in 'n span en selfstandig te werk
- Vasberadenheid en bereidheid om ongereelde ure te werk
- Geldige rybewys

In ruil vir die suksesvolle kandidaat se dienste bied die maatskappy 'n mededingende salaris, 13de tjek as bonus, en lidmaatskap van die aftree- en siekefonds indien die suksesvolle kandidaat daarvoor kwalifiseer.

**Belangstellendes word vriendelik versoek om hul CV aan Beulah van Rensburg te e-pos na bvanrenj@rapport.co.za of te faks na 011-713-9736.**

**OF**

2.6




Jy het ook onlangs 'n situasie beleef waar jy die ergste verwag het en toe het daar niks eintlik gebeur nie. Skryf hieroor in jou **dagboek**. (20)

**[40]**

**EN**

**VRAAG 3**

- Beantwoord EEN vraag van 10 punte.
- Die lengte van die skryfstuk moet **80** – **100** woorde wees.

3.1 Aan die begin van die jaar het matriek soos 'n berg voor jou gelê en nou is dit verby. Jy kan eintlik nou vir almal wat ná jou kom sê dat dit nie so erg was nie. Wat het jy gedoen om die jaar te oorleef? Skryf **10 wenke** neer onder die opskrif:

**10 wenke om matriek te oorleef.** (10)

**OF**

3.2 Jy het onlangs 'n nuwe restaurant in jou omgewing besoek. Skryf 'n **bekendstellingsadvertensie** vir plasing in jou plaaslike koerant. (10)




**OF**

b.o.

3.3 Jy is JIP se eie Tannie Tantrum. **Reageer op** die onderstaande brief wat in JIP verskyn het.

> Iets wat jou bug? *JIP* se eie Tannie Tantrum is opgelei om jou moeilikste vrae te beantwoord. Kom gooi jou tantrums hier op haar bladsy en kyk hoe sy dit in 'n japtrap uitsorteer.
>
> **Ek is nou in matriek, en #$*%#* MOEG vir skool. Ek weet regtig nie hoe ek hierdie laaste jaar gaan survive nie. Ek het soveel planne vir volgende jaar, maar dit voel vir my of skool my net terughou.**
> ***G@tvol***

(10)
**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [50]**

## AFDELING C
## LETTERKUNDE

- Hierdie afdeling tel 30 punte.
- Jy moet EEN vraag uit hierdie afdeling beantwoord.
- Die vrae handel onderskeidelik oor ***BOEKET*** **(Tony Links e.a.)** en ***VERLORE PARADYSE*** **(N J Snyman)**.

### *BOEKET* (Tony links e.a.)

Jy het hier 'n keuse tussen Vraag 4 **of** Vraag 5.

### VRAAG 4

Bestudeer die volgende teksgedeelte en beantwoord die vrae wat volg:

UIT: ***Een heer in de trein*** **(Simon Carmiggelt)**

De trein naar Den Haag stond op het Centraal Station en ik zat alleen in de coupé, maar even voor we wegreden kwam er een man binnen. Een grote, plompe, door en door Hollandse man van een jaar of zestig, terdege ingebakerd.

"Goede morgen," zei ik.

Hij antwoordde niet doch begon zich te ontdoen van handschoenen, hoed, sjaal en overjas op een manier of al deze handelingen hem met diepe weerzin vervulden. Geen zonnetje in huis, dat stond wel vast. De hoed legde hij in het bagagenet en de jas hing hij aan het haakje vlak bij het raam. Daarop liet hij zijn grote hoeveelheid kilogrammen op de plaats tegenover mij neer. Aangezien hij gedeeltelijk op zijn jas was gaan zitten brak het lusje en viel de bovenkant van dit kledingstuk over zijn hoofd heen.

Ik lachte.

Je ziet het in treinen télkens weer gebeuren en mijn gelaatsspieren zijn er eenvoudig niet tegen bestand. De man – de lippen bitter op elkar geknepen – bleef roerloos zitten en keek mij met zijn sombere ogen vernietigend aan.

"Moet jij daar zo om lachen?" vroeg hij.

De kraag van de jas hing nog steeds over zijn grimmig hoofd als een soort monnikskap.

"Het spijt me," zei ik.

De man verhief zich langzaam en sprak, terwijl hij de jas opvouwde en in het bagagenet legde: "He, wat leuk, iemand breekt het lusje van zijn jas. En daar gaat een volwassen vent om zitten lachen."

"Ik kan het niet helpen," zei ik. "ik moet altijd lachen als 't gebeurd."

Hij ging weer zitten. Legde zijn handen op zijn knieën en stelde vast:

"Da's dan een héle vreemde afwijking.

Deze keer liet ik het bij een knik.

Terwijl ik, om het incident definitief af te ronden, uit het raam begon te kijken, voelde ik dat zijn norse blik nog steeds op mij was gericht.

Nu kwam de kelner met zijn blad en de man nam een kop koffie. Daar mijn nek een beetje stijf begon te worden van het krampachtig uit het raam kijken, draaide ik mijn hoofd weer recht. Hij keek niet langer naar mij maar naar de koffie op het klaptafeltje. Nadat hij er suiker ingedaan had, tilde hij het kopje op om het naar zijn lippen te brengen.

Nu zijn treinen volstrekt onberekenbaar.

Vaak liggen se, lange tijd achtereen, zeer vast in de rails maar op een nooit vooruit te becijferen moment beginnen ze opeens een poosje te bibberen, te zwaaien en te schokken.

Hoe het komt weet ik niet.

Maar vast stond dat onze trein juist so 'n aanval kreeg toen de man de volle kop bijna aan

zijn mond had getild, zodat een aanzienlijke hoeveelheid van de koffie op zijn das en op zijn vest terecht kwam.

Weer lachte ik.

Zo weinig mogelijk.

Opnieuw bleef de man geruime tijd roerloos zitten met de bitter toegeknepen lippen en de blik vol verachting op mij gericht.

"Is dat ook zo leuk?" vroeg hij eindelijk.

"Het spijt me," ze ik.

Hij haalde een zakdoek te voorschijn en begon daarmee over zijn besmeerde buik te wrijven, mij steeds grimmig in het oog houdend.

"Iemand bemorst zijn kleding, "zei hij, 'o wat geestig is dat'.

Ik ging maar weer uit het raam kijken en bleef daarmee voortgaan tot we afremdem voor Leiden. Daar moest hij wezen want hij stond op, deed jas en sjaal aan en zette zijn hoed op. Toen hij bezig was de coupé te verlaten voegde hij mij nog schamper toe: "Ik ga er uit. Misschien moet je daar óók wel om lachen.

Omdat hij het onder het lopen zei, niet voor zich uit naar mij kijkend, stootte hij zijn hoofd zeer krachtig tegen het coupédeurtje en verdween kermend uit het gezicht.

Ik moest inderdaad wéér lachen. Het spijt me. Ik kan het niet helpen.

4.1 Watter tipe verteller is hier aan die woord? Gebruik r. 21 as leidraad. (1)

4.2 Dink jy dit is somer of winter? Gebruik r. 5 as leidraad en motiveer jou antwoord. (2)

4.3 Die meneer is ongeskik. Bewys dit aan die hand van r. 5. (1)

4.4 Wat bedoel die verteller met: "Geen zonnetje in huis" (r.6)? (1)

4.5 Kyk weer na r. 8 en sê net of die man maer of lywig is. Motiveer die antwoord. (2)

4.6 Dink jy die verteller lag vir die man om hom belaglik te probeer maak (r. 21)? Motiveer jou standpunt. (2)

4.7 Waarom kyk die verteller so krampagtig by die venster uit (r. 25 – 26)? (1)

4.8 Gee 'n voorbeeld van personifikasie in r. 35. (1)

4.9 Met wat in r. 29 kontrasteer die bitterheid in r. 40? (1)

4.10 Gestel jy was die heer/meneer. Sou jy ook so suur wees of sou jy dalk saam met die verteller gelag het? Motiveer jou antwoord. (2)

4.11 By watter stasie klim die man af? (1)

4.12 Wat gee aanleiding tot die man se slotglips? (2)

4.13 Waarom is die verteller jammer in r. 17? (1)

4.14 Waarom is dit volgens r. 19 – 20 onaanvaarbaar vir die heer dat die verteller vir hom lag? Gee TWEE redes. (2)

4.15 Waarom is die heer se woorde in r. 23 ironies? (1)

4.16 Hoe verskil r. 48 van r. 5? (2)

4.17 Daar is nie veel uiterlike konflik in hierdie verhaal nie. Behalwe die verteller en die heer is daar 'n derde persoon. Wie is die derde persoon? (1)

4.18 Dui die verskil in gemoedstemming aan tussen die verteller in r. 4 en die heer in r. 5. (2)

4.19 Waarom dink jy is die verhaaltitel "Een heer in de trein" en nie: "Ek en die heer in die trein" nie? (1)

4.20 Die meneer kry nêrens 'n naam en van in die verhaal nie. Watter funksie kan die naamloosheid hê? (1)

4.21 Gee 'n voorbeeld van 'n bygedagte in r. 13 en bepaal die funksie daarvan. (2)
**[30]**

**OF**

**VRAAG 5**
***HANDEL*** **- Maarten ' T Hart**

5.1 Oom Adriaan is 'n onbeskofte mens. Skryf 'n opstel van **200 – 250** woorde en lê veral klem op die volgende hoofpunte:

- Oom Adriaan se invloed op die seun
- Oom Adriaan se agterbaksheid teenoor Truus, die arbeidersvrou
- Oom Adriaan se slinksheid teenoor die seeman en sy vrou (20)

**EN**

5.2 ***De herbergier van Pidalgo*** **- Godfried Bomans**

Skryf 'n opstel van **120 – 150** woorde waarin jy verduidelik of die herbergier van Pidalgo 'n opofferende <u>of</u> selfsugtige mens is. Motiveer alle stellings wat jy maak aan die hand van die verhaal. (10)
**[30]**

**OF**

## *VERLORE PARADYSE* (N J SNYMAN)

Jy het hier 'n keuse tussen Vraag 6 of Vraag 7:

## VRAAG 6

Bestudeer die volgende teksgedeelte en beantwoord die vrae wat volg:

*UIT*: ***Die invloed*** **(Pirow Bekker)**

Wanneer 'n jongman 'n meisie in sy hart liefgekry het en sy sy liefde boonop beantwoord, is daar min dinge wat hom van haar af sal weghou. Die stokou reëljies "Si conden bi Malcander niet comen, het water was veels te diep" bestaan eenvoudig nie in sy liefdesbundel nie. Bygesê natuurlik: as hy nie 'n slap hoofse minnaar is nie, maar 'n man met murg in sy pype.

'n Man met alles veil, selfs sy eie lewe en bereid om dit te bewys. In hierdie geval was die vurige jongman 'n visserseun van ons dorp: Wenning Nylandt. 'n Oop, regskape jongeling wat elke dag wat die goeie Vader gegee het, voluit gelewe het. Die meisie was Milla van de Wateren. Tussen hierdie twee minnaars, daaroor het die dorp se inwoners saamgestem, sou die see self hom weldra uitstrek. So naby en tog so ver.

Verduidelik verduidelik ou waarnemers graag hoe dié twee uit die staanspoor vasgedraai was. Wenning was van geboorte af 'n seemens, 'n visser wat sy ambag op die water geleer het. So het iedereen hom aanvaar: 'n brood-uit-die-water-mens. Iedereen behalwe Milla se ma. Hilda Sewes (só genoem na haar oorlede man Sewes) was 'n geswore landmens wat haar in 'n oomblik van swakheid laat meevoer het tot die bestaan van 'n visserman se vrou.

Dié swakheid het sy haarself nooit vergewe nie.

Sy het net gelewe vir die dag wanneer sy nie meer na die verraderlike blou dam hoef te kyk vir elke dag se kos om te eet nie.

Of Wenning lief sou geword het vir die see as hy in ander omstandighede grootgeword het, is moeilik om te sê. Ook sy pa was visser. Soos die meeste hier. Maar ook anders. Die see was vir hom sy hartklop. Op die see was hy in sy element. Op land was hy ontuis: lomp soos 'n verdwaalde robkalf. Stil, in homself gekeer. Maar op die water het hy uitgevloei en saamgeborrel. Hy het elke môre gesing wanneer hy op die water uitgaan. En van speenoud af was saam met hom op die skuit die seun wat sy tengerige vrou hom gegee het voordat sy heeltemal weggekwyn het en dood is: Wenning. Groot voor sy tyd. Seemanskappie en al.

Hy het regopper gekom. "Dit sal ek doen!"

Sy het opgekyk. Haar hande was stil. "Jy besef dat die rivier afgekom het. Dat die invloed vol haaie is."

"Ek sal hom deurswem. En terug ook!" Hy het sy klere begin afstroop. Naderhand staan hy net in sy onderklere daar. Soos hy in die wêreld gekom het, staan hy daar in die lamplig.

Milla het haar gesig weggedraai. Maar die vrou het die uitdaging aanvaar. Sy het haar hand diep in die skottel gesteek. Toe sy hom uithaal, het die bloed van haar vingers gedrup.

Sy het voor hom gaan staan. Toe het sy die bloed oor sy skouers gesmeer. Oor sy bors, sy dye. Hy het hom omgedraai en sy rug na haar gehou. Sy het nog bloed geneem en sy blaaie benat. Die waterige bloed het in 'n straaltjie afgeloop tot in sy sy.

"Toe nou!" het sy gesê. "Gaan nou. Laat ons sien."

Hy het een keer na Milla gekyk. Haar gesig was nog afgewend. Hy het uitgehardloop, teen die rivierwal af tot by die water wat donker was met hier en daar 'n skuimstreep van woelinge onder die oppervlak. Skemer het reeds toegesak.

Die vroue het uitgegaan op die wal en gestaan en kyk hoe hy die water inloop, maar spoedig gedwing word om te swem.

Plek-plek het hy weggeraak. Dan was sy kop weer sigbaar. Uiteindelik het die dik skemer na die ander kant hom heeltemal toegevou.

"Daar klim hy oorkant uit!?" Het Milla geroep, maar sy was nie seker nie.

Hulle het gewag. Elke moontlike beweging dopgehou. Selfs nadat hulle niks meer kon sien nie, het hulle bly kyk.

Die jong meisie het eerste teruggedraai.

"Ek moes hom nie met die bloed bestryk het nie!" het die ouer vrou haar by die huis ingehaal.

"Dan is hy tog deur!" Milla het haar klere begin losmaak. Die intieme lamplig het met 'n vreemde lewe haar oë binnegevloei terwyl sy na die skottel reik om haar skouers te benat. Teen die tyd dat sy gereed was, was die ouer vrou op haar knieë.

Daar is diegene wat sê dat sy deur geswem het tot anderkant. Ander sê dat hy haar op die duskantse wal ingewag het. En dan is daar dié wat sê dat hy haar in die middel van die stroom ontmoet het, want die stemme van twee kinders wat jy soms in die aand met 'n sterk invloed hoor, klink van anderkant af duskant en van duskant anderkant.

6.1 Waarna verwys die dit in r. 25? (1)

6.2 Die leser lees van 'n jonger en ouer vrou in r. 47 – 58. Die ouer vrou verwyt haarself oor TWEE dinge. Watter TWEE dinge is dit? (2)

6.3 Die ouer vrou was op haar knieë (r. 51). Watter TWEE moontlike betekenisimplikasies het die onderstreepte deel? (2)

6.4 Waarom het jy meer simpatie met Milla as met Hilda? (1)

6.5 Wenning het "murg in sy pype" (r. 4). Bewys dit uit die verhaalgebeure. (1)

6.6 Waarom was Hilda so bly dat Milla nie 'n seun was nie? (1)

6.7 "Verraderlike blou dam" (r. 16). Wie se gesigspunt is hier ter sprake? (1)

6.8 Wie is die hy na wie in r. 20 verwys word? (1)

6.9 Gee EEN moontlike rede waarom Wenning "groot voor sy tyd" (r. 24) was. (1)

6.10 Die offermotief kom in hierdie verhaal voor.

6.10.1 Wie, wat of hoe bring Hilda 'n offer? (1)

6.10.2 "Die waterige bloed het in 'n straaltjie afgeloop tot in sy sy" (r. 34). Aan watter baie bekende offer dink jy as hy bogenoemde aanhaling lees? (1)

6.11 Wie is die verteller in die verhaal? (1)

6.12 Watter natuurlike oorsaak dra daartoe by dat die vroue in r. 41 – 45 nie werklik alles kan sien nie? (1)

6.13 Watter bonatuurlike element lê in die laaste reëls (52 – 55) opgesluit? (1)

6.14 Volgens r. 52 – 55 is daar meer as een bespiegeling oor die lot van die twee kinders. Lees weer die aanhaling in r. 2 – 3. Wat het volgens jou aan die hand van hierdie woorde met die twee kinders gebeur? (1)

6.15 "Haar gesig was nog afgewend" (r. 36). Wat beteken die reël? (1)

6.16 Lees r. 41 – 42. Skryf TWEE woorde uit hierdie deel neer wat tydsverloop (progressie) aandui. (Een van die antwoorde is nie skemer nie). (2)

6.17 Wat beteken veil in r. 5 binne die konteks van die stuk? (1)

6.18 Wat beteken die uitdrukking: "uit die staanspoor" (r. 10)? (1)

6.19 Wat beteken dit as iets jou hartklop is (r. 20)? (1)

6.20 Bewys uit r. 28 dat Wenning ooroptimisties is. (1)

6.21 Watter bybetekenis kan **donker** water (r. 37) hê? (1)

6.22 Met wie het Wenning konflik in die verhaal? (1)

6.23 Die dorpie waar die gebeure afspeel heet Vredenbaai. Waarom is die naam ironies? (1)

6.24 Waarom kan 'n mens sê dat Milla van de Wateren se van betekenisvol is? (1)

6.25 Wat het veroorsaak dat Hilda 'n haatdraende mens geword het? (1)

6.26 Waarom is Hilda se baasspelerigheid eintlik ironies? (1)
**[30]**

**OF**

## VRAAG 7

7.1 ***Terugkeer van 'n soldaat*** **(Dolf van Niekerk)**

In die verhaal ***Terugkeer van 'n soldaat*** word daar deurgaans **oorlogsterme** gebruik. Noem hierdie terme kortliks en dui aan waarom die skrywer dit gedoen het. Daar is verder 'n klomp dinge wat die moeder elke Woensdag herhaal. Skryf daardie belangrikste dinge neer en verduidelik wat die funksie van hierdie herhaalde handeling is. Jou antwoord moet binne die bestek van **120 – 150** woorde wees. (10)

7.2 ***Slaaptydstorie*** **(Chris Barnard)**

In hierdie verhaal worstel die verteller met 'n probleem. Skryf 'n opstel van **200 – 250** woorde waarin jy veral aandag aan die volgende aspekte gee:

- Faktore of omstandighede wat lei tot die verteller se probleem of innerlike konflik
- Wat presies behels die innerlike konflik en hoe ontwikkel dit tot uiterlike konflik in die verhaal?

- Dui kortliks aan watter simboliese waarde die slot kan hê
  (die klowe, klipkranse, dorings en klippe asook die woorde wat na hom toe terugkom, die kerktorings, die son en die kraaie).

- Sou jy sê die verteller se probleem is opgelos? Motiveer jou standpunt. (20)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**TOTAAL: 120**

**EINDE**